Om ‘n kierie te keer

Pieter Pieterse

‘n Handleiding met werkskaarte, toetse en interessante onderrigwenke

om te gebruik in die Gr. 9 Afrikaans Tweede Taal klas: Taalwerk volgens die sillabus ingesluit.

Santie Kruger

HOOFSTUK 1: ‘n VREEMDE BESOEKER

Wie leer ons ken in hierdie hoofstuk?

TUBA MATIBE	MNR. JOSEPH	OUMA MABASO	MNR. RUSTY
Regte naam:	Handelaar	Baie kwaai	Blanke man
	Ry ‘n ou bakkie	kierie	Van Windhoek
Gr. 8-leerling	Woon in Ngweze	Hoenders/hond	Lang rooi hare
Woon by sy ouma			Blou oe

Waar speel die boek af?

In die Caprivi-strook bo in die noorde van Namibie.



VRAE:

1. Waar speel die verhaal af?

   _____

2. Wie is die hoofkarakter?

   _____

3. Hoekom is die karakter oor die hoenders bekommerd?

   _____

4. Hoe het die hoofkarakter gedink gaan hy meneer Joseph terugbetaal?

   _____

5. Wat is ‘n bedreigde spesie?

   _____

6. In hierdie hoofstuk word daar 13 verskillende diere genoem. Maak ‘n lys daarvan.

7. Gee ‘n paar kenmerke van die gebied waar die verhaal afspeel.

_____

_____

8. Waarom is Tuba bang vir sy ouma?

_____

9. Waarom is meneer Rusty vreemd vir Tuba?

_____

TAALWERK:

Hoofletters:

1. Eiename:
   Alle name [mense, dorpe en stede, dae en maande, besighede, lande, tale ens.] word met hoofletters geskryf. Byvoorbeeld: Tuba Matibe, Klaas Vakie,Geagte Meneer [maar Geagte meneer Matibe],Jakkals en Wolf [dierename in sprokies], Nieu-Seeland, Kersdag, Afrikaans en Engels [name van vakke].

2. Sinne begin met hoofletters.

   OPDRAG:

   Lees die volgende gedeelte en vul die nodige hoofletters in:

   tuba matibe is ‘n lid van die mafwestam. hy en sy ouma woon op ‘n afgelee dorpie langs die kwandorivier in die caprivi. meneer joseph is die algemene handelaar en tuba wil met hom besigheid doen. tuba woon by sy ouma mabaso en ontmoet meneer rusty van windhoek. meneer rusty werk vir ‘n besigheid met die naam dekgras vir afrika. twee van tuba se vriende is munopi en chizuba.

   [21]

   IDIOME:

   Tuba is altyd baie haastig. Kyk of jy die volgende idiome kan voltooi.

   - Haas jou …….
   - Hoe meer haas, hoe minder …….. .
   - Haastige hond verbrand sy …….. .
   - Van haastigheid kom ……. .
   - Haastig is nie ……. nie.

SPELTOETS:

1. Bosveldpapegaaie
2. Voelent
3. Registrasienommer
4. Effentjies
5. Hardekoolboom
6. Veewagtertjies
7. Moeilikheidmaker
8. Lawwigheid
9. Blommetjieshemp
10. pofadder

ONVOORBEREIDE MONDELING:
Tuba is ‘n bynaam. Vertel van interessante byname wat jy al gehoor het.

ONDERRIGWENKE:

- P. 4: Verduidelik hoe dit lyk in die Caprivi en hoe die mense daar leef, byvoorbeeld hoe hulle dorpe lyk, dat die kinders skool toe stap en van hoofmanne en familietradisies.

- P.5: Hoekom het die koei ‘n klok om haar nek?
  Waarom is veewagters nodig?

- P.6: Tuba se regte naam. Verduidelik hoe dit werk en wie in die klas het ‘n soortgelyke naam.

- P. 8: Verduidelik hoe hulle respek betoon. Ander maniere om respek te betoon?
  Die bakkie van meneer Rusty het ‘n Windhoekse registrasienommer.
  Ken die kinders die registrasienommers van al die Namibiese dorpe?

HOOFSTUK 2: OM ‘n KIERIE TE KEER

Maak ‘n opsomming van die karaktertrekke van meneer Alfeus Karambuka:

TAALWERK:

Direkte en indirekte rede:

Direkte rede: die presiese woorde wat mense gebruik.

[Dit kom in aanhalingstekens en staan na ‘n dubbelpunt]

Byvoorbeeld: Ouma Mabaso se: “Van jou hou ek niks!”

Indirekte rede: wanneer jy oorvertel wat iemand gese het.

[Geen aanhalingstekens en die voornaamwoord verander, byvoorbeel *ek* word *hy]*

Ouma Mabaso het gese dat sy niks van meneer Rusty hou nie.

OPDRAG:

Skryf die volgende sinne in die direkte rede oor in indirekte rede en die in indirekte rede oor in direkte rede:

- ‘Meneer Rusty, my ouma wil weet van die gras,” se Tuba.
  _____
- ‘Ouma, moenie hom slaan nie,” soebat Tuba.
  _____
- Ouma Mabaso wil by meneer Rusty weet hoeveel die gras kos.
  _____
- Ouma Mabaso se vir Tuba dat sy haar gras aan meneer Rusty sal verkoop.
  _____

Wat beteken die volgende vaste uitdrukkings?

- Ouma Mabaso dink meneer Rusty is ‘n *luie lak.*
  _____
- Die kieriehoue *reen* op Tuba se sitvlak.
  _____
- Ouma Mabaso *kyk* Tuba *middeldeur.*
  _____

Wat se jou lyftaal vir ander mense as jy:

- loop met hangskouertjies?
  _____
- sleepvoet loop?
  _____
- ‘n stywe nek het?
  _____

INHOUDSVRAE:

1. Waarom wou Tuba vislyn koop?
   _____
2. Vir wie werk meneer Rusty?
   _____
3. Wat het van Tuba se ma geword?
   _____
4. Wat is ouma Mabaso se hond se naam?
   _____
5. Waarom verkies mense om grasdakke op hul huise te sit?
   _____
6. Noem die twee geldeenhede waarna in hierdie hoofstuk verwys word.
   _____
7. Hoe moet meneer Rusty respek aan ouma Mabaso betoon?
   _____
8. Wat simboliseer ouma Mabaso se kierie?
   _____
9. Wat se die Namibiese grondwet oor lyfstraf?
   _____
10. Wat is ‘n snuifdoos?

SPELTOETS:

1. Caprivi
2. Nederigheid
3. Stellasie
4. Boukontrakteurs
5. Handeklappery
6. Dekgrasseisoen
7. Suid-Afrikaanse
8. Stoutigheid
9. Inmengery
10. weggery

SKRYFWERK:

Tuba skryf ‘n brief aan sy ouma waarin hy haar vertel van die vreemde man wat hy ontmoet het.
[150 woorde]

Die vorm van ‘n informele/vriendskaplike brief:

Posbus 10
Windhoek
9000
20 Januarie 2020

Liewe ouma Mabaso

Inleiding

Paragrawe

Slot

Baie liefde
Tuba

[Daar kom geen leestekens by die adres of by die aanhef en slot van die brief nie. Na die adres, die aanhef en alle paragrawe word ‘n reel oopgelaat.]

ONDERRIGWENKE:

- P.14: Wat is die storie rondom Tuba se ma? Hoe werk dit by verskillende groepe en hulle tradisies?

- P18: Daar word verwys na die geldeenhede van Suid-Afrika en Namibie. Ken die leerders die geldeenhede van verskillende lande?

- P.18: Wat beteken dit om te tolk? Waar [bv. In howe] kry ons tolke?

HOOFSTUK 3: DIE PRYS VAN ‘N HOENDER

Ons leer twee nuwe karakters in hierdie hoofstuk:

BABIBELEZE	MENEER HEDSON
Tuba se vriend	Indoena
Gestremdheid	Hoof van die khuta
Ouma Mabaso is sy grootma	Bly in die dorpie Stop

BEGRIPSVRAE:

1. Waar woon meneer Joseph? _____
2. Ouma Mabaso het ‘n bokram en twee bokooie. Hoe weet ons dat die bokram baie oud is? _____
   _____
3. Ongeveer hoe oud is meneer Rusty? _____
4. Noem drie dinge wat met meneer Rusty gebeur het nadat hy uit sy bakkie geklim het? _____
   _____
5. Wat was Tuba se oupa se van? _____
6. Waarom moet die dekgras nie op die grond le nie? _____
   _____
7. Gee vier feite rakende meneer Hedson: _____
   _____
8. Wat is ‘n ‘kode 14-lisensie’? _____
   _____
9. 9.1 Wat is meneer Rusty se grootste probleem in die Caprivi? _____

9.2 Hoe is hierdie probleem opgelos toe hy Tuba ontmoet het?

9.3 Hy wou meneer Hedson gaan sien. Hoe kan Tuba hom daarmee help?

TAALWERK:

Idiomatiese uitdrukkings:

Lees die volgende gedeelte. Alle idiomatiese uitdrukkings is skeef gedruk. Kyk of jy hulle kan verduidelik.

Meneer Rusty *trek noustrop,* want hy *sit in die knyp* en *in die pekel;* bevind hom *in diep water* en *in die sop.* Hy *kry die wind van voor*, hy *kry dit ook hotagter* en hy *kou harde bene*, want hy het *sy rieme styfgeloop.* Hy het *sy kop in 'n bynes gesteek* en nou *sit hy met sy hande in sy hare* omdat hy *meer afgebyt het as wat hy kan kou.*

TYE IN AFRIKAANS:

Daar is drie tye in Afrikaans:

- Die teenwoordige tyd vertel wat nou gebeur: Die kinders lag.
- Die verlede tyd vertel wat klaar gebeur het: Die kinders het gelag.
- Die toekomende tyd vertel wat nog sal gebeur: Die kinders sal la

In die toekomende tyd word *sal* bygevoeg en die werkwoord gaan na die einde van die sin.

In die verlede tyd gebruik ons *het* en *ge.*

Daar is ook ander woorde wat in die verlede tyd verander: wil – wou; sal – sou; gister – die vorige dag; more – die volgende dag.

Woorde wat met ge-, be-, her-, ont- en ver- begin, kry nie ‘n ge vooraan in die verlede tyd nie.

Voltooi die volgende vrae:

Skryf elke sin in verlede tyd en toekomende tyd. Dit sal help as jy gister gebruik vir die verlede ty den more vir die toekomende tyd.

1. Hy hardloop vinnig om die huis.
   _____
   _____
2. Sy spring op die tafel.
   _____
   _____
3. Watter diere herkou hulle kos?
   _____
   _____
4. Ons herwin die ou klere.
   _____
   _____
5. Ek bestel boeke oor die internet.
   _____
   _____

MANLIK EN VROULIK:

Ons lees van ouma Mabaso se bokram en bokooie. Gee die vroulik van die volgende:

Seekoeibul _____

Haan _____

Skrywer _____

Sekretaris _____

President _____

SKRYFWERK:

Dagboekinskrywing:

Gebruik die inligting in hierdie hoofstuk en maak ‘n dagboekinskrywing van hierdie dag. Aantal woorde: 150

Die vorm van ‘n dagboekinskrywing: Maandag, 14 Januarie 2020 Liewe Dagboek Paragraaf [Daar is geen leestekens by die dag en datum, asook by die aanhef nie.]

SPELTOETS:

1. Bestuurderslisensie
2. Boombastoutjie
3. Skoolkinders
4. Bokkraal
5. Trekosse
6. Rysmiere
7. Bestuurderskant

8. Suurpruimbos
9. Indoena
10. Stopteken

VOORBEREIDE MONDELING:

Kom vertel vir die klas wat jou verantwoordelikheid by jou huis en gesin behels.

ONDERRIGWENKE:

- P.23: Goeie beskrywing van die bokke.
- P.24: Alles rondom ‘n bestuurderslisensie: hoe oud moet jy wees vir ‘n leerlinglisensie en dan jou bestuurlisensie? Wat is ‘n kode-14 lisensie [by ons Kode C]? Mag enige iemand met ‘n Kode C lisensie passasiers vervoer?
- P.25: Die beeld wat gebruik word: om ‘n kierie te keer. Wat beteken dit eintlik?
- P. 27: Watter take moet Tuba alles verrig? Watter take het die leerlinge in die klas by hulle huise?

HOOFSTUK 4: DIE SENIOR VENNOOT BLY KWAAD

Die Khuta

Die khuta is soos die parlement van die Mafwe stam.

INHOUDSVRAE:

1. Belasting:

   1.1 Aan wie word belasting betaal? _____

   1.2 Hoeveel belasting word vir elke dollar betaal? _____

   1.3 Waarvoor word die belastinggeld gebruik? _____

   _____
   _____
   _____

2. Noem die name van drie verskillende boomsoorte wat in hierdie hoofstuk voorkom: _____

3. Die dekgras:
   3.1 Wat was die probleem met die bondels dekgras? _____
   _____

   3.2 Hoe groot moet die bondels eintlik wees?
   _____

   3.3 Wat was die probleem met die bastou waarmee dit vasgemaak is?
   _____

3.4 Wat het meneer Rusty vir Tuba gewys waarmee dit eintlik vasgemaak moet word? _____

4. Die khuta:

4.1 Wie staan aan die hoof van die khuta? [rang en naam]

_____

4.2 Hulle moes in die motor wag tot hulle geroep word. Waarom?

_____

4.3 Hoe moes hulle terugstap motor toe? _____

TAALWERK:

SELFSTANDIGE NAAMWOORDE EN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE

Hierdie twee woordsoorte pas by mekaar. Die byvoeglike naamwoord vertel vir ons meer van die selfstandige naamwoord.

Hoe weet ons ‘n woord is ‘n selfstandige naamwoord? Toets hom:

- Kan jy aan dit vat?
- Kan jy *die* of *‘n vooraansit?*

Onderstreep nou die die selfstandige naamwoorde [met ‘n blou pen] en die byvoeglike naamwoorde [met ‘n rooi pen].

1. Dit is die grootste mense van ons stam.
2. Ek bedoel eintlik die belangrikste mense.
3. Rusty het lang, rooi hare.
4. Tuba klap hard hande om respek te betoon.
5. Ouma Mabaso het ‘n lang, swart kierie.

Met byvoeglike naamwoorde kan ons trappe van vergelykings vorm:

Voltooi die volgende:

1.	Rooi	……..	rooiste
2.	Kwaad	……..	kwaadste
3.	Snaaks	snaakser	……..
4.	Belangrik	belangriker	……..
5.	Ongeletterd	……	……

PERSOONSNAME:

Op bladsy 34 lees ons van die dekkers [mense wat grasdakke dek –bou-], wat noem ons:
Iemand wat brood bak: _____

Iemand wat agter ‘n kasregister werk: _____
Iemand wat kinders onderrig: _____
Iemand wat administratiewe werk doen: _____
Die eerste burger van ‘n land: _____

SKRYFWERK:

Skryf ‘n **paragraaf** waarin jy vertel waarom Tuba se: ‘Dis my ouma se gras, maar ook nie my ouma se gras nie”.

Onthou wanneer jy ‘n paragraaf skryf, moet die sinne direk op mekaar volg en geen reels moet oopgelaat word nie.

Of

Skryf ‘n **dialoog** tussen Tuba en meneer Rusty.

Onthou wanneer ons ‘n dialoog skryf, word ons bladsy in twee blokke verdeel.

In hierdie blok skryf ons die name van die sprekers, bv.	In hierdie blok kom al die gesprek wat gevoer word.
Tuba:	Ek dink regtig Meneer moet ons gras koop!
-los een reel oop	
Mnr. Rusty	Maar ek dink nie jou ouma wil haar gras aan my verkoop nie.
Reel oop	
Die dubbelpunt kom direk na die spreker se naam	Ons gebruik geen **aanhalingstekens** nie.

SPELTOETS:

1. Parlement
2. Kameeldoringboompie
3. Seilstoel
4. Kanniedoodboom
5. Bondeltjies
6. Sentimeter
7. Wangbaarde
8. Wildevyboom
9. Teleurgesteld
10. Boomstamkano

ONDERRIGWENKE:

- P. 33: Soos ons lees word daar van ‘n groot verskeidenheid bome genoem. Noem ‘n paar uit die verhaal/watter bome groei by ons?

- P. 36: Verduidelik die term belasting:
  Aan wie betaal ons belasting?
  Waarom/wat word daarmee gedoen?
  Hoeveel belasting betaal ons in Namibie?
  Watter tipes belasting kry ons in Namibie?
  [inkomstebelasting/BTW/grondbelasting]

HOOFSTUK 5: MENEER JOSEPH GEBRUIK SY KOP



Mnr. Joseph se winkel

Daar is ook nog twee karakters:

POKWE	LISBETH
Ouma Mabaso se hond	Meneer Joseph se dogter
Jaag vir meneer Joseph	Saam met Tuba in die skool

INHOUDSVRAE:

1. In watter dorp is meneer Joseph se winkel? _____
2. Wat is die winkel se naam? _____
3. Wat beteken kontrakbreuk? _____
   _____
4. Waar het meneer Joseph gewerk en watter tipe werk het hy gedoen voordat hy sy winkel oopgemaak het?
   _____
   _____
5. Wat is ‘n bwato? _____
6. Wat beteken ‘verbeurd verklaar’?
   _____

7. Maak ‘n lysie van alles wat meneer Rusty in meneer Joseph se winkel wil koop.

_____

8. Wat het ouma Mabaso gedoen wat eintlik teen die wet is?

_____

9. Meneer Rusty gee vir meneer Joseph goeie besigheidsraad. Wat moet meneer Joseph doen om sy pryse af te bring?

_____

TAALWERK:

Vaste uitdrukkings:
Gee die betekenis van die volgende vaste uitdrukkings:

- Die kop was _____
- Oor iemand se kop gaan _____
- ‘n kop op jou skouers he _____
- Kop bo water hou _____
- Om kop te hou _____
- Om kop te verloor _____
- Iemand se kop afbyt _____
- ‘n kop vol muisneste _____
- Kop aan kop _____
- Koppe bymekaar sit _____
- ‘n harde kop he _____
- Jou kop laat lees _____
- Kop in een mus wees _____
- Die kop neerle _____
- Kop uittrek _____
- Jou kop stamp _____
- Iemand se kop was _____
- Uit die kop ken _____
- ‘n harde kop he _____
- Kop krap oor iets _____

Leestekens:

Wanneer jy iets wil beklemtoon, gebruik jy ‘n akuutteken. Byvoorbeeld: Wat dink jy is die? ‘n kontrak! Dis wat dit is!

VOORBEREIDE MONDELING:

Ouma Mabaso is ‘n goeie voorbeeld van die belangrike rol wat die vrou in ‘n gemeenskap speel. Kom vertel vir ‘die klas van so ‘n vrou.

SKRYFWERK:

Verhalende opstel:

'n Sinoniem vir 'n **verhaal** is 'n **storie.** Wanneer jy dus 'n verhalende opstel moet skryf, moet jy 'n storie skryf: dit kan 'n denkbeeldige storie of 'n werklike storie wees.

Jy moet dit so interessant en spannend as moontlik vertel en die gebeure moet chronologies verloop en spanning skep totdat jy by die slot kom – wat dikwels 'n verrassing inhou. Dit hoef nie altyd 'n gelukkige einde te wees nie!

Die beste verhalende opstel wat as voorbeeld gebruik kan word, kom uit die bybel:

Die gelykenis van die verlore seun.

OPDRAG: Kies een van die spreekwoorde oor honde [wat hier onder verskyn] en skryf 'n interessante verhalende opstel van ongeveer 200 woorde.

SPELTOETS:

1. Winkeltjie
2. Kontrakbreuk
3. Werkgeleenthede
4. Kompetisie
5. Koeldrankadvertensie
6. Toegestoot
7. Afgereken
8. Winkelier
9. Kontantvloei
10. Gehamer

ONDERRIGWENKE:

- P. 49: Ouma Mabaso se hond se naam is Pokwe.
  Wie het ook 'n hond?
  Watter soorte honde kry ons?
  Waarom die spreekwoord: 'n Hond is die man se beste vriend?

- Kyk na ander interessante Afrikaanse spreekwoorde:

  Twee honde baklei om 'n been, maar die derde gaan daarmee heen.
  Iemand soos 'n hond behandel.
  Blaffende honde byt nie.
  Die bont hond in wees.
  Hond se gedagtes kry.
  Dis nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie.
  Die hond in die pot kry.
  Moenie slapende honde wakker maak nie.

HOOFSTUK 6: ‘n VRIEND IN NOOD

Ons leer nog nuwe karakters:

Oupa Skwani	Tuba se pa	Tuba se ma
oorlede	Kon goeie raad gee	
Baie slim man Was ‘n welgestelde man	Deur ‘n olifant doodgetrap	Weggegaan saam met ‘n onderwyser
Kon planne maak		Woon nou in Windhoek

INHOUDSVRAE:

1. Na watter buurland van Namibie word in hierdie hoofstuk verwys?

   _____

2. Waarom het Tuba in meneer Joseph se mielieland geslaap?

   _____

3. Waarom woon Tuba se ma nie by hulle nie?

   _____

4. Wat het met Tuba se pa gebeur?

   _____

5. Tuba wonder oor sy ma. Vertel.

   _____

   _____

6. Tuba kry nie die olifante verwilder nie. Wat gebeur dat die olifante uit die mielielande gaan?

   _____

   _____

TAALWERK:

LEESTEKENS: DIE KOMMA EN DIE KOPPELTEKEN

Die komma word gebruik

- Tussen twee werkwoorde of gesegdes
  Byvoorbeeld: Toe hy die tak hoor kraak, spring hy.

- Voor die voegwoorde want en maar
  Byvoorbeeld: Tuba se bene is lam, maar hy begin hardloop.
  Tuba se bene is lam, want hy het groot geskrik.

- Voor en na die persoon wat jy aanspreek
  Byvoorbeeld: 'Ja, dis reg so, meneer Rusty," se Tuba.

- Tussen twee of meer selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde
  Byvoorbeeld: Die aand by sy klein, eensame vuurtjie het Tuba na sy pa, ma en oupa verlang.

  OPDRAG:

  Voeg kommas in waar nodig:

  Dit is Tuba se plig om die olifante en seekoeie uit meneer Joseph se mielieland te hou sowel as om sy huiswerk te doen maar daar is baie dinge om hom oor te kwel soos om sy oupa se bwato terug te kry en kopers vir hulle dekgras. Tuba hoor hoe die kinders wat indoena Hedson se mielies oppas skree hulle swepe klap en op hulle blikke slaan. Hy is nog diep ingedagte besig om sy probleme te bepeins toe hy 'n geraas in die mielieland hoor. Toe hy weer sien draai Munene in sy rigting en storm. Tot sy groot verligting daag meneer Rusty op. Toe die olifante die ligte van die bakkie sien beweeg hulle dadelik weg.

  DIE KOPPELTEKEN:

  Dit word gebruik:

- By die opeenhoping van klinkers, byvoorbeeld bo-oor en binne-in.
- In Aardrykskundige name, byvoorbeeld Oos-Caprivi en Suid-Afrika.
- In koppelings met afkortings, simbole, letters, syfers en getalle. Byvoorveeld kode 12-lisensie en 25 kg-sak mielies.
- In herhalingsvorme soos fluit-fluit en val-val.
- In telwoorde met 'en', soos een-en-twintig.

OPDRAG:

Sit koppeltekens in waar nodig –

- Namibie se vorige naam was Suidwes Afrika, wat verwys na die rigting waar die land gelee is.

- Aan die einde van die maand koop ouma Mabaso ‘n 5 kg sak suiker en dan neem meneer Rusty dit vir haar sing sing die vier en twintig kilometer huis toe met sy vier by vier voertuig. [5]

VERSAMELNAME:

Ons lees van die trop olifante wat in die mielielande is. Wat noem ons:

‘n Klomp babahondjies: _____
‘n Klomp voels bymekaar: _____
‘n Klomp mense bymekaar: _____
‘n Klomp appels in ‘n mandjie: _____
‘n Klomp geweerskote na mekaar: _____

DIEREGELUIDE:

‘n Olifant trompetter. Wat doen die volgende diere?

‘n seekoei: _____
‘n koei: _____
‘n hen: _____
‘n kat: _____
en Pokwe _____

ONVOORBEREIDE MONDELING:

Mnr. Joseph se dogter se naam is Lisbeth. Waar kom jou naam vandaan en weet jy dalk wat jou naam beteken?

SPELTOETS:

11. Noordweste
12. Weggehardloop
13. Emaljeskottel
14. Trompetter
15. Voertuig
16. Werklikwaar
17. Oorreed

18. Tabakplante
19. Wereld
20. Angola

SKRYFWERK:

OPSOMMING:

'n Opsomming is 'n kernagtige en verkorte samevatting van die kernfeite in 'n leesstuk.

Belangrike stappe wat gevolg moet word:

- Lees die instruksies noukeurig deur voordat jy met jou opsomming begin.
- Maak seker of die opsomming in **paragraafvorm of puntsgewys** gedoen moet word.
- Maak seker jy weet hoeveel woorde jy mag gebruik.
- Nadat jy die stuk deurgelees het, gebruik die kernfeite om 'n logiese opsomming te maak.
- Probeer jou eie woorde gebruik.
- 'n Opsomming neem baie tyd, maak eers jou opsomming op 'n aparte blad voordat jy jou finale antwoord skryf.
- Tel jou aantal woorde en skryf dit onderaan in hakies.

Die twee tipes opsommings:

1. Paragraafvorm: Daar is geen oop reels nie – die sinne volg direk na mekaar.
2. Puntsgewys: Elke feit word genommer. Na elke punt moet daar 'n oop reel gelaat word.

OPDRAG:

Lees hoofstuk 6 en maak 'n puntsgewyse opsomming van wat in die mielieland gebeur het.

Aantal woorde: 100

ONDERRIGWENKE:

- P. 52: Angola is 'n buurland van Namibie. Noem die ander buurlande/wie is hulle presidente?

- P. 54: Olifante: Waar in Namibie kom olifante voor? Hoeveel weeg 'n olifant?
  Waarom trap olifante mense dood?
  Gedurende Desember het daar 'n olifant by die kus opgedaag. Waarom?

HOOFSTUK 7: ROEP VAN DIE SKOPSUIL



INHOUDSVRAE:

1. Hoe het Tuba gewoonlik die olifante verjaag?

   _____
   _____

2. Wat is sy nuwe plan?

   _____
   _____

3. Meneer Rusty kom agter dat Tuba nie elke dag genoeg kos het om te eet nie. Hy maak vir hulle ‘n feesmaal. Waaruit het hierdie feesmaal alles bestaan? Noem vyf bestanddele.

   _____
   _____
   _____

4. Gee meneer Rusty se definisie van ‘n ware vriend.

   _____
   _____

5. Wat stel Tuba voor moet hulle doen om ouma Mabaso omverskoning te vra?

   _____
   _____

6. Was meneer Rusty regtig besig om dood te gaan toe hy gese het: ‘dood van die honger’? Wat het hy bedoel?

   _____
   _____

7. Waarom was Tuba bekommerd toe hy nie Munene [die groot olifant] se maag kon hoor nie?

_____

_____

TAALWERK:

Direkte en Indirekte rede:

Direkte rede: Die direkte woorde wat deur ‘n persoon gebruik is. Dit word in aanhalingstekens geskryf.
Byvoorbeeld: Tuba vra: “Hoeveel geld het ons?”

Indirekte rede: Wanneer iemand anders die woorde van ‘n persoon herhaal.
Byvoorbeeld: Tuba het gevra hoeveel geld hulle het.
Hier is geen aanhalingstekens nie.

Onthou: ons word hulle/ ek word hy/ jou word hom.

1. Skryf nou die volgende sinne oor met die nodige leestekens:

   - Tuba vra waar meneer Rusty se bakkie is.

     _____

   - Kom ons gaan sit daar agter se meneer Rusty.

     _____

2. Skryf die volgende sinne oor in indirekte rede:

   - Meneer Rusty vra: “Waar is jou ouma, Tuba?”

     _____

     _____

   - Meneer Joseph skree: “Gaan uit my winkel uit!”

     _____

     _____

SPREEKWOORDE OOR VRIENDSKAP:

Vir iemand ‘n vriendskappie doen: vir iemand ‘n guns doen.

‘n Vriend in nood: iemand op wie jy altyd kan staatmaak.

Vriende praat in my gesig, honde blaf agter my rug: ware vriende praat reguit, vals vriende beskinder my.

Wys my jou vriende en ek sal jou se wie jy is: ‘n mens beoordeel iemand aan sy vriende.

SPELTOETS:

1. Sweepslag
2. Geweerskoot
3. Staalpaaltjies
4. Allerhande
5. Driepootstoeltjie
6. Boepenspot
7. Bobbejane
8. Skotteltjie
9. Kniee
10. Middeldeur

ONVOORBEREIDE MONDELING:

Potjiekos! Wat is alles in julle potjie? Wie ken ‘n resep?

SKRYFWERK:

Jy werk vir ‘n plaaslike koerant. Iemand bel jou met die nuus dat ‘n man deur ‘n olifant aangeval en beseer is:

1. Skryf ‘n dialoog waar jy met die man gesels oor wat gebeur het.
   Die dialoog moet die korrekte vorm he en ongeveer 150 woorde wees.

Die vorm van ‘n dialoog:

Meneer Rusty:	Goeiemiddag! Ek glo u is van die koerant.
Meneer Swart:	Goeiemiddag! Ja, ek is van die plaaslike koerant en wil graag met jou oor die olifantaanval gesels.
Meneer Rusty:	Ja, dit was amper ‘n groot tragedie [blaas sy asem uit], maar gelukkig het ek dit oorleef.

[Die persone wat die dialoog voer is geblok aan die regterkant, terwyl die gesprek ook geblok word. Trek ‘n potloodlyn om die gespreksgedeelte mooi onder mekaar te hou.

Na elke persoon wat praat, moet ‘n oop reel wees.
Geen aanhalingstekens word gebruik nie.]

ONDERRIGWENKE:

- P. 62:Boepenspot: hoe lyk so ‘n potjie? Wat beteken die ringe om die potjie? [elke ring dui genoeg kos vir twee mense aan].
  Wat was alles in Tuba en meneer Rusty se potjie?
  Watter tipe potjies maak julle?
  Bring ‘n resep van ‘n potjie klas toe.
  Maak ‘n potjie in die klas????

HOOFSTUK 8: SPANWERK

INHOUDSVRAE:

1. Wat het Tuba se oupa se bwato met die olifante te doen?
   _____
   _____
   _____

2. Wat is meneer Rusty se van? _____

3. Noem ses dinge waarvoor Tuba en meneer Rusty nie skrik nie:
4. Waarop slaap Tuba? _____
5. Sy ouma noem hom 'Litunga'. Wat beteken die naam?
   _____

6. Waarom wil Tuba die bwato terugkoop?
   _____
   _____

7. Wat het die avontuur met die olifante vir meneer Rusty en Tuba van hul vriendskap geleer?
   _____

TAALWERK:

WERKWOORDE EN BYWOORDE:

Woorde wat vir ons meer van werkwoorde vertel, word bywoorde genoem.
Kyk bietjie hierna:
Meneer Rusty eet lekker. Vra die vraag: Hoe eet meneer Rusty? en jy kry die antwoord: lekker

1. Onderstreep nou die bywoorde in die volgende gedeelte:

Tuba en meneer Rusty hoor die olifante hard raas. Meneer Rusty wil dadelik in sy tent gaan wegkruip, maar Tuba se hy moet vining die bakkie se ligte aanskakel. Toe meneer Rusty die enjin oorverdowend laat brul, vlug die olifante. Hulle sal eers weer morenag terugkom.

2. Wat beteken die volgende:
   - Iemand is 'n vriend in nood.
     _____
   - 'n Mooiweersvriend?
     _____
   - Dik vriende wees?
     _____

- Iemand aan sy vriende ken?

  _____

  INTENSIEWE VORME:

  Toe die olifante meneer Rusty jaag het hy **blitsvinnig** in die bakkie gespring.

  Wat is:

  Baie reguit _____
  Baie hard _____
  Baie stil _____
  Baie klein _____
  Baie swart _____

  SPELTOETS:

  1. Wegkruipplek
  2. Toeter
  3. Revolusies
  4. Muskietverdrywer
  5. Plakkieskoene
  6. Olifantjie
  7. Blitsvinnig
  8. Geleentheid
  9. Winkelier
  10. bondeltjies

SKRYFWERK:

KOERANTBERIG:

Terug op kantoor skryf jy ‘n berig vir die koerant oor die voorval. Jou berig moet ongeveer 200 woorde wees.

Die vorm van ‘n koerantberig:

OLIFANT VAL MAN AAN

Die afgelope naweek het ‘n kwaai olifant langs die Kwandorivier in die Caprivi vir meneer Rusty aangeval. [Hierdie is jou inleiding en dit moet bestaan uit *wie, wat, waar en wanneer]*

Hierna volg nou vier paragrawe waarin jy onderskeidelik elkeen van hierdie vier w's beskryf en uitbrei op die inligting.

Na die vier paragrawe volg jou slot waarin jy alles baie kort saamvat.

[Onthou na die opskrif, wat mooi in die middel is en in groter letters is, en elke paragraaf, is daar 'n oop reel!]

Of

FEITE OPSTEL:

Gebruik olifante as tema.

Wanneer jy 'n feite opstel skryf, moet ek seker maak date k:

- Die regte, ware feite het
- Die feite moet logies gerangskik wees
- My aanbieding moet interessant wees
- My vorm korrek is: inleiding, liggaam en slot

Jy moet dus navorsing doen en genoeg inligting inwin.

ONDERRIGWENKE:

- P. 71: Kan Tuba dalk eendag koning word?
  Hoe werk 'opvolg' om 'n koning te word? Praat oor bekende koningshuise in die wereld. Bv. Die Britse koningshuis: Nou koninging Elizabeth wat opgevolg sal word deur Prins Charles en hy wat weer opgevolg sal word deur Prins William.

HOOFSTUK 9: SPORE IN DIE SAND

Nuwe karakters:

Meneer Manyando	Juffrou Mukwae	Meneer Bahike	Juffrou Jane
Skoolhoof	klasonderwyseres	Nuut/ nie ‘n klas nie	Sy gee lees

INHOUDSVRAE:

1. Hoekom is Tuba gewoonlik soggens laat vir skool?
   _____
2. Hoekom is Tuba vanoggend laat vir skool?
   _____
3. Wat is Tuba se opininie van Lisbeth?
   _____
   _____
4. Waarom moes Tuba ‘n emmer skool toe neem?
   _____
5. Waar het Tuba die kos gekry en wat was dit?
   _____
   _____
6. Wat het Lisbeth gedoen toe sy in die klas ingekom het?
   _____
7. Waarom was Babielezi so dikwels kwaad?
   _____
   _____
   _____

8. Is die volgende stellings oor meneer Joseph waar? Se waar of onwaar en hoekom.

Stelling	w	o	Hoekom?
Meneer Joseph is die rykste man in die omgewing.			
Hy is bang vir ouma Mabaso.			
Hy is ‘n belangrike man van die stad af.			
Hy is dikwels kwaad.			
Hy is lief vir sy dogter.			
Hy knou kinders af.			
Hy geniet hoe aansien in die gemeenskap.			

TAALWERK:

SINONIEME EN ANTONIEME:

Sinonieme: Verskillende woorde met dieselfde betekenis.
Antonieme: Dieselfde woord met verskillende betekenisse.

OPDRAG:

Vul ‘n geskikte antoniem of sinoniem in vir die woord tussen hakies.

Die volgende dag is Tuba laat [antoniem] …….. vir skool. Hy kan aan Lisbeth se spore in die sand sien sy was weer vol streke. Sy wou seker die ander kinders [sinoniem] …… laat huil [antoniem] …… . Hy wonder om watter rede sy vir haar pa leuens [sinoniem] …… oor hom vertel het. By die skool is alles in rep en roer [antoniem] ……. en Tuba en Balibelezi kry die kans [sinoniem] ……. om die lekker [sinoniem] ……. Kos te eet wat van die vorige aand oorgebly het. Die res van die klas moes gaan water haal.

EEN WOORD VIR BAIE:

Is jy langdradig en omslagtig wanneer jy iets vertel? Probeer van nou af kort en kragtig formuleer.

OPDRAG: Gee een woord vir die skuinsgedrukte gedeeltes

- *By die huis* het Tuba baie *pligte wat hy moet uitvoer.*

_____

- Hy *werk hard* en *'n mens kan hom vertrou.*

  _____

- *In die nag* moet hy *sonder dat die ander mans hom help* die olifante uit meneer Joseph se land hou.

SPELTOETS:

1. Takheining
2. Doringtakke
3. Miershoopgat
4. Keelskoonmakery
5. Aanmerkings
6. Klasonderwyseres
7. Lessenaar
8. Skepemmer
9. Skotteltjie
10. Blikkiesvleis

ONVOORBEREIDE MONDELING:

Lisbeth is baie laf, het 'n harde, skerp stem, raas baie en is aandagsoekerig.

Ons is nie almal eenders nie. Daar is verskillende tipe persoonlikhede soos introverte en ekstroverte. Waar pas jou persoonlikheid in?

SKRYFWERK:

FORMELE BRIEF

Ouma Mabaso skryf 'n brief aan die skoolhoof, meneer Manyando, waarin sy verduidelik waarom Tuba baie keer laat vir skool is.
[150 woorde]

	Posbus 100 Ngweze 9000 Namibie 10 April 2020
Die Skoolhoof Caprivi Primary School Posbus 10 Ngweze 9000 Geagte Meneer	

Tuba se laatkommery by die skool

Inleiding

Paragraaf

Paragraaf

Slot

Die uwe

[handtekening]

Ouma Mabaso

OPSOMMING:

Maak ‘n kort puntsgewyse opsomming van Lisbeth se karakter. [10]

ONDERRIGWENKE:

- P. 76: Tuba lees sekere aksies van Lisbeth in haar spore. Watter etniese groep in Namibie is bekend vir spoorsny?

- P. 80: Babibelezi vra vir Tuba verskoning omdat h gister lelik was met hom. Doen jy dit wanneer jy verkeerd is?

HOOFSTUK 10: ‘n SITENGE VIR ‘N OUMA

INHOUDSVRAE:

1. Wat is ‘n kliniek?
   _____

2. Watter verband sien Tuba tussen om nie geld te he nie en om kreupel te wees?
   _____
   _____
   _____

3. Wat doen ouma Mabaso in die namiddae?
   _____

4. Skryf ‘n kort paragraaf oor die grastransaksie tussen ouma Mabaso en Tuba.
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____

5. Wat het meneer Rusty alles gekoop?
   _____

6. Tuba se sy ouma het ‘n skielike verkoue gekry. Wat het eintlik gebeur?
   _____

TAALWERK:

VOORSETSELS:

Voorsetsels is woordjies wat woorde of gedagtes met mekaar verbind.
Kyk hierna:
Ouma Mabaso gooi ‘n hopie snuif uit haar snuifdoos op haar handpalm en trek dit in haar neus op. Dan sprei sy die mooi, nuwe rok op haar arm uit en bekyk dit met waterige oe.

Hier is ‘n lys van voorsetsels wat ons nogal baie gebruik:
Aan, in, met, op, tot,om, by, na, van, namens, per, nder, agter, oor, uit, vir, bo, teen, binne, ten en voor.

LETTERGREPE:

Dit is hoe woorde afgebreek word en dan gebruik ons ‘n deelteken.
Byvoorbeeld: me-neer; bak-kie; op-som-ming.

Kyk na die deeltekenwoorde:
Oe = o-e; lee = le-e; kniee = knie-e.

OPDRAG:
Deel op in lettergrepe:

- Vermoe _____
- Silhoeet _____
- Beindruk _____
- Moeilikheid _____
- Skrikkerig _____

SPELTOETS:

1. Konsentreer
2. Inspekteur
3. laatslaper
4. Skrikkerig
5. Ompaadjies
6. Bobbejaanmannetjie
7. Biesiemat
8. Afpoothen
9. Patroontjies
10. Knieknik

SKRYFWERK:

‘n BOEKRESENSIE:

‘n Boekresensie help mense om te besluit of hulle ‘n sekere boek wil lees of koop.

Die volgende inligting is belangrik in ‘n boekresensie:

- Die titel van die boek
- Die naam van die skrywer
- Die naam van die uitgewer
- Watter tipe boek dit is, byvoorbeeld ‘n roman, digbundel, kortverhale, dramas of eenakters.
- Hoe die boek lyk [foto’s, omslag, goed georganiseerd]
- ‘n Opsomming van die inhoud – waaroor die storie gaan
- Die resensent se kommentaar [interessant, vevelend, snaaks, sterk storielyn, onakkurate feite, spanningsvol, vermaaklik, lesersvriendelik]

- Die resensent beveel die boek aan of nie.

OPDRAG:

Skryf ‘n resensie van: **Om ‘n kierie te keer** deur **Pieter Pieterse.**

ONDERRIGWENKE:

- P. 85: Iemand wat so reguit kan praat as daar iets verkeerd is …
  Wat is die beste om te doen in ‘n moeilike situasie?

- P.86: As mens kruppel is, moet jy harder as ander mense baklei ….
  Hoe kan ons dit toepas in ons eie lewe?

- P. 86: ‘n Biesiemat: wat is dit? Waarvan word dit gemaak?
- P. 88: Ouma Mabaso snuif asof sy ‘n verkoue gekry het.
  Ons steek ook soms ons emosies weg. Gesels oor emosies.

HOOFSTUK 11: SEKURITEIT VIR ‘n LENING

INHOUDSVRAE:

1. Wat gee meneer Rusty vir Tuba op krediet?

   _____

2. Wat gee ouma Mabaso vir meneer Rusty as geskenk?

   _____

3. Hoekom het meneer Rusty ‘n kode 14-lisensie nodig?

   _____

4. Wat het meneer Rusty daar vergeet?

   _____

5. Wat is alles in die kartondoos? Noem ses dinge.

   _____

   _____

6. Waarom wou die koei nie saam met die ander beeste weg van die hut loop nie?

   _____

7. Wat doen Tuba met die geld van die gras wat hy by meneer Rusty gekry het?

   _____

TAALWERK:

VOEGWOORDE:

Woorde wat ons gebruik om sinne te verbind.
Byvoorbeeld:

En - algemene voegwoord
Maar - gee ‘n kontras
Want - gee ‘n rede
Wanneer/nadat/voordat/terwyl/sodra - dui tyd aan
As - ‘n voorwaarde of ‘n moontlikheid

Aangesien/omdat/daar/inteendeel/daarom/toe/indien/mits

SPELTOETS:

1. Passasierssitplek
2. Sekuriteit
3. Reendruppels
4. Dingetjie
5. Ruitveers

6. Balpuntpen
7. Sellofaan
8. Borrelende
9. Boepenspotjie
10. kastrolletjie

SKRYFWERK:

'n PARAGRAAF:

Wat om te onthou as jy 'n paragraaf skryf:

- Elke paragraaf is 'n gedagte-eenheid of 'n idee
- Elke paragraaf het dus net een gedagte of idee
- Daar mag geen oop reels binne 'n paragraaf wees

OPDRAG:

Skryf 'n paragraaf van ongeveer 50 woorde oor 'n baie spesiale geskenk wat jy al ontvang het.

ONDERRIGWENKE:

- P. 94: 'As hiermaar net 'n telefoon naby was.' Hoe het tye verander/selfone? Het die hele Namibie selfoonontvangs?

HOOFSTUK 12: ‘n HUISWERKBOEK VOL SOMMETJIES

INHOUDSVRAE:

1. Wat verkoop Tuba alles? _____
2. Hoe gaan Tuba die lyn afmeet wat hy gaan verkoop?
   _____
3. Gee die instruksies vir die gebruik van klappers:
   _____
   _____
   _____
   _____
4. Hoe weet Tuba aan die olifant se lyftaal dat hy gevaarlik is?
   _____
5. Het die klappers gehelp om die olifante te verwilder?
   _____
   _____

TAALWERK:

IDIOMATIESE UITDRUKKINGS

Gee die betekenis van elkeen:

Tuba het geweet daar steek geld in die verkoop van vislyn.

Omdat Tuba geen geld gehad het om in die water te gooi nie, moes hy seker maak dat hy ‘n wins maak.

Meneer Joseph het geld gemaak soos bossies.

Geld wat stom is, maak reg wat krom is!

Geld is die wortel van alle kwaad.

'n Geldwolf.

SPELTOETS:

1. Mopaniepaaltjie
2. Mieliemeel
3. Duimnaels
4. vuurhoutjiedosie
5. Maanligskaduwees
6. Flappende
7. Vuurhoutjie
8. Vonkie
9. Tarentale
10. Aanstormende

SKRYFWERK:

BESKRYWENDE OPSTEL:

Om goed te kan beskryf, vereis goeie waarneming [mooi kyk] en 'n goeie woordeskat. Jy moet probeer om die gebeurtenis self te beleef of die toneel so waar te neem dat jy die fynste besonderhede raaksien.

OPDRAG:

Kies een van die volgende onderwerp en skryf 'n beskrywende opstel:

- Ouma Mbaso se nuwe rok.
- Die olifante kom al nader aan ons motor!

[150 woorde]

Inleiding:
Die inleiding van 'n opstel moet kort en kragtig wees en die leser nuuskierig maak om verder te lees. Jy kan verskillende tegnieke gebruik, soos om 'n grappie te vertel, 'n stelling te maak of net 'n woord of twee te gebruik.

Paragrawe:
Onthou dat elke nuwe idee 'n nuwe paragraaf is. Jou opstel moet ongeveer vier paragrawe het.

Slot:
Jy rond jou opstel mooi af met jou slot. Dit moet ook baie kort wees.

- Onthou:
  Na die inleiding en die paragrawe moet daar ‘n oop reel wees!
- Lees die onderwerp mooi en hou by die onderwerp.
- Moenie spelfoute maak nie, dit veroorsaak dat jy baie punte verloor.

ONDERRIGWENKE:

- P. 101: Gesels oor interessante advertensieborde in jou omgewing.
- P. 102: Klappers: Wie het al ‘n groot vuurwerkvertoning gesien? Wat se die wet oor die skiet van klappers? Waarom is diere, veral honde, so verskriklik bang vir klappers? Kan klappers gevaarlik wees?

HOOFSTUK 13: VAL EN OPSTAAN

INHOUDSVRAE:

1. Hoe weet Lisbeth van klappers?

_____

2. Noem twee redes waarom Tuba en Balibelezi se dat meneer Hudson suinig is.

_____

_____

3. Wat is "'n vurk in die voetpad"?

_____

4. Uit watter tipe boom se stam is die bwato uitgekerf?

_____

5. Watter geskenk het Balibeleze vir Tuba gegee en waarom?

_____

6. Wat sien Tuba toe hy naby sy huis kom?

_____

7. Waarom het die koei die huis platgestoot?

_____

8. In hoofstuk vier het ons drie boomsoorte leer ken. Noem nog twee boom-soorte wat in hierdie hoofstuk genoem word:

_____

TAALWERK:

SINONIEME EN ANTONIEME:

Gee sinonieme vir die volgende woorde: [woorde met dieselfde betekenis]

- Geweer …….
- Stap …….
- Kennisgewing …….
- Bwato …….
- Slaapplek …….

Gee antonieme vir die volgende woorde: [woorde met die teenoorgestelde betekenis]

- Val …….
- Suinig …….
- Vinniger …….

- Skelm …….
- Vorentoe …….

HOMONIEME EN HOMOFONE:

Gee die homoniem van die volgende woorde: [woorde wat dieselfde geskryf word, maar verskil in betekenis]

- Pos ……..
- Vertrek ……..
- Deur ……..
- Dig ……..
- Leer ……..

Gee die betekenis van die volgende homofone: [Woorde wat dieselfde klink, maar hul betekenis en spelling verskil]

- Vel en fel ……..
  ……
- Vonds en fonds ……..
  ……
- Pyl en peil ……..
  ……
- Reik en ryk ……..
  ……
- Steil en styl ……..
  ……

SPELTOETS:

1. Nuuskierig
2. Geweerskoot
3. Kennisgewing
4. Sekuriteit
5. Knoppiesdoringboom
6. Miershoopgat
7. Infrastruktuur
8. Seekoeipaadjie
9. Kosskotteltjie
10. Balanseer

SKRYFWERK:

BEREDENERENDE OPSTEL:
In hierdie opsteltipe moet jy oor ‘n saak redeneer [kant kies] en die feite teenoor mekaar opweeg. Hier word dus gedebatteer en standpunt ingeneem.

WENKE:

- Sorg dat jou feite agtermekaar is
- Sien albei kante van die saak raak – wees dus objektief
- Moenie van jou onderwerp afwyk nie
- In jou slotparagraaf moet jy die saak in jou guns beklink!

ONDERWERP:

Gestremde mense, soos Balibelezi word anders behandel as normale mense.

Stem jy saam of nie? [200 woorde]

[150 woorde]

ONDERRIGWENKE:

- P. 110: ‘n Ou naam en ‘n skoolnaam. Is daar iemand in die klas wat ‘n ou naam en ‘n ander skoolnaam het? Waarom doen kinders dit?

- P. 111: Balibelezi is gestremd, hy het ‘n kruppel beentjie. Ken jy iemand wat gestremd is?
  Waarom vergeet mense van gestremde mense?
  Gedig wat hierby pas is: Rondloper van NP van Wyk Louw.

HOOFSTUK 14: DIE TYD VAN DIE SOTO

INHOUDSVRAE:

Watter nuwe karakter leer ken ons in hierdie hoofstuk?

Tuba se ma
Baie maer/ haar oe is diep in haar kop/wange hol
Rooi en blou gestreepte sak by haar
Kind nie by haar nie

1. Waarom het die veewagterjies weggehardloop toe hulle vir ouma Mabaso sien?

   _____

2. Ouma Mabaso was baie kwaad oor die meel wat die koei opgevreet het. Wat het sy gedoen?

   _____

3. Wie kom saam met meneer Joseph by Tuba en ouma Mabaso aan?

   _____

4. Wat het van die kind geword wat Tuba se ma in Windhoek gehad het?

   _____

5. Noem nog ‘n boom wat ons in hierdie hoofstuk aantref.

   _____

6. Wat is soto en waar kry hulle dit?

   _____

7. Wie het Tuba se klappers gevat?

   _____

8. Tuba het oorspronklik veertig dollar by meneer Joseph geleen. Hoeveel wil hy nou he vir die bwato?

_____

_____

9. Asof nie genoeg slegte goed gebeur het nie, gebeur daar nog ‘n slegte ding. Vertel.

_____

_____

TAALWERK:

HULPWERKWOORDE:

[kan, mag, moet, moes, wil, wou, sal, sou]

Dit is werkwoorde wat die selfstandige naamwoord help. Dit help ook om die verlede en toekomende tyd van die werkwoord uit te druk.

Byvoorbeeld:

- Tuba *het* die beeste opgepas.
- Tuba *sal* die beeste oppas.

Hulle help ook om die lydende vorm uit te druk.

Byvoorbeeld:

- Die olifante vreet die mielies op. [bedrywende vorm]
- Die mielies *word* deur die die olifante opgevreet.

Skryf die volgende oor in lydende vorm:

1. Die seun skop die bal oor die huis.

_____

2. Die koeie vreet die gras langs die rivier.

_____

3. Tuba help vir ouma Mabaso om kos te maak.

_____

4. Tuba dra Balibelezi se skoolboeke.

_____

5. Meneer Rusty koop gras by ouma Mabaso.

_____

SPELTOETS:

1. Toegepleister
2. Melkhoutbessies
3. Takheininkie
4. Aangehardloop
5. Likkewaan
6. Grasbesempie
7. Paraffienblik
8. Skemeraand
9. Enjinkap
10. Ritssluiter

ONVOORBEREIDE MONDELING:

Die spreekwoord se dat ongelukke in drie's kom. Hier sien ons dat die ongelukke ook vir ouma Mabaso ry: die krokodil vang haar koei/ haar hoender vrek/ die koei vreet die mieliemeel op. Vertel van ongelukke wat al met jou gebeur het.

HOOFSTUK 15: INFRASTRUKTUUR

INHOUDSVRAE:

1. Tuba droom ‘n nare droom. Wat noem ons so ‘n droom?

   _____

2. Wat gebeur met die barbervis wat Tuba gevang het?

   _____

3. Watse plan maak Tuba dat die krokodil hom nie sal vang nie?

   _____

4. Wat is die boek se naam wat meneer Rusty vir Tuba gestuur het?

   _____

5. Noem nog ‘n boomsoort wat in hierdie hoofstuk voorkom.

   _____

6. Waarom is Babibelezi nie by die skool nie?

   _____

7. Watter twee dinge het Tuba nodig om weer sy huis te bou?

   _____

8. Meneer Hedson kom met ‘n klomp kinders by Tuba-hulle aan. Hulle moet help met Tuba se huis se dak. Wat was hulle oortredings waaroor hulle nou moes werk?

   _____
   _____
   _____
   _____

9. Later bring meneer Hedson weer die klomp kinders. Wat doen hulle hierdie keer?

   _____

10. Wie trek in die nuwe huis in? _____

11. Hoe het ouma Mabaso vir Balibelezi beloon vir al die hulp wat hy aan hulle verleen het? Wat moes hy met die beloning maak?

    _____
    _____

TAALWERK:

LIDWOORDE:

Wat is die verskil in die volgende sinne?

- Ek het ‘n vis gevang!
- Ek het die vis gevang.
  [In die eerste sin kan dit enige vis wees, terwyl in die tweede sin is dit ‘n spesifieke vis.]

Die en ‘n is lidwoorde:
Die = bepaalde lidwoord
‘n = onbepaalde lidwoord

Voltooi die volgende:

Tuba het …. slegte droom terwyl hy visvang by …. kuil. Toe …. eerste vis loskom, maak hy sy lyn nog sterker.
Terwyl hy wag vir …. vis om te byt, lees hy in …. boek wat meneer Rusty vir hom gestuur het. Teen ligdag het hy …. vis gevang vir sy ma.

SPELTOETS:

1. Vlammende
2. Breekkrag
3. Regterarm
4. Inhoudsopgawe
5. Vlerkgeklap
6. Weggejaag
7. Sekelbosdoring
8. Bokooitjie
9. Haantjies
10. Wegsteekplek

SKRYFWERK:

TYDSKRIF ARTIKEL:

Skryf ‘n artikel vir Landbouweekblad waarin jy vertel van die Caprivi: waar dit gelee is, hoe dit lyk, verskillende diere wat daar voorkom en wat jy alles daar kan doen. [200 woorde]

ONDERRIGWENKE:

- P. 127: Tuba se ma praat die eerste keer met hom vandat sy terug is. Hy het haar gemis. Waardeer kinders hulle ouers genoeg? Kyk ouers mooi genoeg na hulle kinders?

- P. 127: Balibelezi is nie in die skool nie, want alle kinders wie se skoolgeld nie betaal is nie, mag nie skool toe gaan nie.
  Wat is jou mening oor gratis onderwys in Namibie?

- Die kinders wat die klappers geskiet het, word gestraf – hulle moet werk om te betaal vir die skade wat hulle aangerig het.
  Verstaan vandag se jongmense dat elke ding wat jy doen sekere gevolge het?

HOOFSTUK 16: RENTE EN KAPITAAL

INHOUDSVRAE:

1. Waarom maak Tuba sommetjies?

   _____

2. Wie wil die vis by Tuba koop en vir hoeveel?

   _____

3. Wie kom tot Tuba se redding?

   _____

4. Daar word agt verskillende diere in hierdie hoofstuk genoem. Skryf neer:

   _____

   _____

5. Teken Tuba se kennisgewingbord.



TAALWERK:

DUBBELE ONTKENNING:

In Afrikaans het ons altyd dubbele ontkenning [twee keer nie]. Sommige woorde het egter hul eie ontkennende vorm: ooit = nooit/ iemand = niemand/ erens = nerens/moenie

Byvoorbeeld:

Die rente is *nie* regverdig *nie.*

Meneer Joseph verdien *nie* die wins *nie.*

Het jy my pen *erens* gesien? Nee, ek het hom *nerens* gesien *nie.*

OPDRAG:

Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm:

- Tuba het gedroom.
  _____
- Ouma Mabaso wil graag meer hoenders he.
  _____
- Het jy ooit gedink dat Tuba so ‘n groot vis sal vang?
  _____
- Ken jy iemand met die naam Tuba?
  _____
- ‘Klap hande vir meneer Joseph!’
  _____

SKRYFWERK:

Jy is lid van die skool se visvangspan. Julle het die naweek ‘n kompetisie gehad. Skryf ‘n verslag vir die skool oor wat die naweek gebeur het.
[150 woorde]

SPELTOETS:

1. Naggeluide
2. Gelyktetjie
3. Doringtakskerm
4. Borrelgeluide
5. Afkronkel
6. Kapitaal
7. Oefeningboek
8. Dollar
9. Barbervis
10. Indoena

HOOFSTUK 17: JIGOEEE …!

INHOUDSVRAE:

> Gee iemand ′n vis en jy voed hom vir ′n dag.
> Leer hom visvang, en jy voed hom vir ′n leeftyd!

1. Hoe verstaan jy hierdie stukkie wysheid?

   _____
   _____
   _____

2. Hoekom noem meneer Rusty nou weer vir Tuba 'Die kind van die koning'?

   _____
   _____

3. Hoe verdeel Tuba die vis om te verkoop en hoeveel geld kry hy in totaal?

   _____

4. Wat beteken dit as meneer Rusty se: "Jy het seker al gedink date k van die aarde af verdwyn het!"?

   _____

5. Hoeveel bondeltjies gras het Tuba-hulle gemaak en hoeveel het hulle daarvoor ontvang?

   _____

6. Tuba en ouma Mabaso kry elkeen ook 'n geskenk. Wat was dit?

   _____

7. Waarom het meneer Rusty vir Tuba 'meneer Tuba' genoem?

   _____

TAALWERK:

AFKAPPINGSTEKEN:
Wanneer ons 'n letter uitlos – veral as ons vinnig praat – sit ons 'n afkappingsteken in die letter se plek.

Byvoorbeeld:

Waar' [waar is] my vis? Daar's [daar is] my vis!

Gee my pen, ‘seblief [asseblief]
Toe’s [toe is] alles verby.
Dit word ook gebruik by meervoude en verkleinwoorde van die selfstandige naamwoord wat op ‘n I, o, u en ‘n beklemtoonde a eindig.

Byvoorbeeld:
Foto’s, pa’tjie, radio’s, safari’tjie, karba’tjie

SPREEKWOORDE:

Wat beteken:

Jy het seker gedink ek het van die aarde af verdwyn.

SPELTOETS:

1. Kameratjie
2. Aangehardloop
3. Driedubbele
4. Agteroor
5. Afleweringswa
6. Beindruk
7. Kartondoos
8. Seshonderd
9. Klammigheid
10. Landboutou

SKRYFWERK:

Dit gaan nou baie goed met Tuba en ouma Mabaso se besigheid. Tuba skryf ‘n brief aan die koerant, Republikein, in Windhoek waarin hy hulle vra om na die Kwandorivier te kom en te kom kyk wat die mense van die Caprivi alles doen.
[150 woorde]

WENKE:
- Die aard van hierdie brief moet hoflik wees.
- Dit moet saaklik en op die man af wees.
- Jy gebruik ‘n skuilnaam, maar jou regte naam en adres moet onderaan verskyn.

DIE VORM VAN ‘N BRIEF AAN DIE PERS
Die Redakteur Republikein

Posbus 1
Windhoek
9000

Geagte Redakteur

Kom besoek Ngweze

Inleiding

Paragrawe

Slot

Die uwe
Vra maar net

T. Matibe
Posbus 10
Ngweze
Caprivi
Namibie
10 Junie 2020

HOOFSTUK 18: MENEER TUBA MATIBE & FAMILIE

INHOUDSVRAE:

1. Hoe weet ons dat dit finansieel sleg gaan met meneer Joseph?

   _____
   _____
   _____
   _____

2. Meneer Joseph wil by Tuba mieliemeel koop. Wat stel Tuba voor as sekuriteit?

   _____

3. Maak ‘n naambord vir Tuba en sy familie se sake-onderneming.



4. Watter plan het Tuba gemaak om meer gras in die hande te kry?

   _____

5. Tuba en Balibelezi word ook vennote in ‘n sake-onderneming. Maak ook vir hulle ‘n bord om op te sit:



6. Ouma Mabaso maak nie meer bondels gras nie. Wat doen sy nou?

   _____

7. Meneer Rusty woon in Windhoek, daarom is hy ‘n Windhoeker en hy ry met ‘n Windhoekse motor. Voltooi die volgende:

Pleknaam	Inwoner	Byvoeglike naamwoord
Caprivi		
Namibie		
Botswana		
Angola		
Suid-Afrika		

SPELTOETS:

1. Teruggegee
2. Sakevooruitsigte
3. Verpligtinge
4. Grashandelaars
5. Veldbrande
6. Vrouenswerk
7. Stampolisieman
8. Vragmotortjie
9. Vyf en twintig duisend
10. Paaiemente

SKRYFWERK:

Skryf ‘n paragraaf waarin jy meneer Rusty se vragmotor beskryf.

ONDERRIGWENKE:

- Meneer Joseph wil nou ‘n lening aangaan by Tuba. Wat is die lewensles hieruit? [Behandel mense goed wanneer jy in beheer is, want dinge kan vining verander!] Ander lesse?
  Pas die spreekwoord: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil he?

- Wat beteken dit om ‘n gehaltelewe te lei?
- Ruilhandel: Waarmee is gekoop/geruil voordat geld bestaan het? Vind ruilhandel vandag nog plaas?

OM 'N KIERIE TE KEER

TOETS: HOOFSTUK 1 EN 2

1. **Die hoofkarakter in die verhaal is Tubaluwani Matibe. Gee kortliks sewe karaktereienskappe.**

   _____
   _____
   _____
   _____ **[7]**

2. **Beskryf die ruimte waarin hierdie verhaal afspeel.**

   _____
   _____ **[1]**

3. **Wat was Tuba se oupa se naam?**_____ **[1]**

4. **Noem vier wilde diere wat tot op hede in die verhaal genoem word.**

   _____
   _____ **[4]**

5. **Wie besit die enigste motor in hierdie gebied?** _____ **[1]**

6. **Hoe betoon die Mafwe-stam respek aan ouer mense?**

   _____
   _____ **[1]**

7. **Wat is ouma Mbaso sehond se naam en gee twee uiterlike kenmerke van hom.**

   _____
   _____ **[3]**

8. **Wat beteken dit om te 'tolk'?**

   _____
   _____ **[1]**

9. **Wat is die Suid-Afrikaanse geldeenheid wat in die verhaal genoem word?**
   _____ **[1]**

Totaal: 20